

11 April

Johannes 16:25-33

(Teks: 16: 33)

"Ek het die wêreld klaar oorwin."

Die dissipels van die Here het in die laaste dae voor die kruisiging 'n groot stryd deurgemaak. Die ware Herder, Jesus Christus, ken hulle en verstaan dit so goed. Daarby sou hulle na sy dood nog meer alleen in 'n vyandige wêreld wees.

Daarom berei Christus sy dissipels voor met die afskeidsgesprekke in Johannes 14-16. Aan die einde van die gesprekke bemoedig Christus hulle met die woorde van vers 33.

Maar tog: Watter verskriklike oordele kondig Christus nie ook oor hulle aan nie! Hulle sal uitmekaar gejaag word en hulle sal Christus alleen laat. Tog sal Christus nie alleen wees nie "omdat die Vader by My is". Juis daarom sal dié wat glo tog vrede kan vind by God.

Dié vrede is anders as die vrede wat so naarstiglik in die wêreld gesoek en tog nooit werklik gevind kan word nie. Dis 'n vrede met God ons Skepper. Dit is ware vrede want ons staan voor God, nie meer as sondaars wat niks, heeltemal niks, van al ons skuld kan terugbetaal nie. Inteendeel, ons staan voor God as dié wat geregverdig is, sonder enige skuld!

Hoe anders, hoe heeltemal anders, hoe wonderlik word dit nie vir ons, almal wat glo nie, al is ons nog in hierdie wêreld. Al het u elke dag met die Satan te doen, al is hy altyd besig om u te probeer verlei of van God te vervreem, Hy kan nie! Dit is vir hom onmoontlik want Christus het reeds oorwin. Oorwin deur sy lyde. Oorwin vir elkeen van God se kinders.

En so is ons deur die geloof een met Christus. Ons is ook saam met Hom oorwinnaars.

'n Gelowige oorwinnaar? In hierdie verskriklik ongelowige wêreld? Die wêreld wat ons wil vernietig, die Kerk wil vernietig? Ja, tog, deur Jesus Christus wie se lyde ons juis in hierdie tyd gedenk. Juis nou weet ons wat die woorde van Christus in Johannes 14:29 beteken: "Hy (die Satan) het geen mag oor My nie." Nie oor Christus nie. En daarom ook nie oor my, sy verlose kind nie.

Sing Psalm 18:11 en 13 Dr. H.A. van Dalsen (Bloemfontein-Noord)